UITGAWE 10 | JAARGANG 22 | 7 JUNIE 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## KONINKRYKSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**VISIONERING**
**Moderamen** | *"Leer my, Heer, U regte weë ..."*

## 04 ARTIKELS

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Missie Japan** | *JAPAN - ons geloofsfamilie in die Verre Ooste*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Afrika, kontinent van Lig (Deel 5 van 5)** | *ASET-konferensie: Akademiese voordragte*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Weer eens: Die twee nature van Christus aan Moslems verduidelik*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Predikante Netwerk** | *Hier is jy veilig en hier is jy welkom*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Ekologie Netwerk (Deel 3 van 3)** | *"War on Waste" - Ons oorlog teen afvalvullis*

**AFRIKA-EKUMENE**
**Tot siens, oom David** | *(23 Februarie 1925 – 26 Mei 2024)*

## 06 UIT DIE FAKULTEIT

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**John Klaasen** | *Called to extend God's kingdom*

## 07 CLARENS HERMITAGE

**LEIERSKAP NETWERK**
**Jan Venter** | *Clarens Hermitage Datums - Bespreek nou*

## 09 MEDIATEEK

**BOEK EN INVENTARIS**
**Deon Loots** | *In die spore van die Herder*

## 11 EKOLOGIE

**Wêreld-Oseanedag** | *"Awaken New Depths" - 8 Junie 2024*

## 14 AKTUEEL ALGEMEEN

**14** | Handleiding vir diensverhoudinge
**15** | CLF Boekprojek: EKOTEOLOGIE
**16** | Winterhoop-projek 2024
**18** | Advertensies

## 19 VERJAARSDAE

## 20 OPLEIDING

## 21 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 22 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

**Gideon Lamprecht** | *Integriteit - GENESIS 17:1 AFR83*

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio
Elize Nel | John Klaasen
Gideon Lamprecht
*VrydagNuus*, *Getuienisaksie*,
Kaapkerk | *Bybel-Media*
*Bybelgenootskap SA* | *CLF*
*Kerkbode*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

*WINTER-RETREAT*

Spiritualiteit Netwerk bied aan: **Geestelike dissiplines en die eise van die bediening**

22 - 24 Julie | Moolmanshoek

## VOLGENDE VRYPOS

*VRYPOS* hou vakansie. Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 19 Julie**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za





Foto: Canva



# "Leer my, Heer, U regte weë ..."

*Deur ds Jan Lubbe*
*Voorsitter: Moderamen, NG Kerk Vrystaat*

"Dankie dat ons in u Woord kon vertoef," sluit ds Fanus Coetzee, verteenwoordiger van die Sentrale Ring, ons moderamenvergadering met gebed af. "Dat U altyd voor ons uitgaan." Want só het ons as Moderamen op 27 Mei in Bloemfontein begin, twee dae vóór die Algemene Verkiesing: Psalm 25 se gebed – "Leer my, Heer, U regte weë." Ons het dié gebed gelees en met mekaar gedeel. Byna vers vir vers gaan dit oor die "weë" van die Here; "paaie van troue liefde en waarheid" (vs. 10), van "hou by sy verbond en sy bepalings" (vs. 10), van "my voete uit die vangnet bevry" (vs. 15), van "ontsag vir die Here" (vs. 14), van ons oë rig en "wag op die Here" (vs. 15 en 21). 'n Pad waarop daar vergifnis is, vandaar ons vertroue en die hunkering na Hóm (vs. 1). En die wete dat Hy wél sy weg openbaar, ons daarop lei en leer. "Dankie dat ons in u Woord kon vertoef."

Halfpad tussen die vorige en volgende gewone Sinode van die NG Kerk Vrystaat (2022 en 2026), het ons as Moderamen weer 'n vol sakelys gehad; opdragte en versoeke uit ons kerkverband en verslae oor ons uitgebreide werksaamhede om te hanteer. Oor vier sake wil ons graag inligting met gemeentes deel.

Daar is eerstens **ons familiegesprek** met die VGK en NGKA in die Vrystaat; oor hulp met die bediening in plaaslike gemeentes; dat ons hande kan vat in die bediening van die Woord, veral waar daar soveel klein gemeentes sonder leraars is. Groter samewerking en vennootskappe is nodig. Dan oor die gesamentlike bediening van al ons studentelidmate in Bloemfontein; jongmense wat ywerig en hoopvol vir hul toekoms studeer, maar wat groot uitdagings beleef.

Lees meer »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Missie Japan

**JAPAN - ons geloofsfamilie in die Verre Ooste**

»

VENNOTE IN GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Afrika, kontinent van Lig | 5

**ASET-konferensie: Die waarde van die konferensie**

»

VENNOTE IN GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Weer eens: Die twee nature van Christus aan Moslems verduidelik**

»

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Ds Elize Nel*

Predikante Netwerk

**Hier is jy veilig en hier is jy welkom**

»

BEDIENINGS-BEGELEIDING




*Mariëtte Odendaal*

Ekologie Netwerk | 3

**"War on Waste" Ons oorlog teen afvalvullis**

»

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

(23 Februarie 1925 – 26 Mei 2024)

**Tot siens, oom David**

»







mission ミッション missie
JAPAN

**GEDRING DEUR CHRISTUS SE LIEFDE OM BRUGBOUERS TE WEES IN JAPAN**

www.missiejapan.co.za

# NG Kerk Vrystaat verwelkom Missie Japan in Suid Afrika 24 Mei 2024 - 7 September 2024

## 'n Woord van Dank
感謝の一言

Missie Japan is 'n vrywillige geloofsaksie en die werk in Japan bly ten volle afhanklik van jou ondersteuning. Ons waardeer opreg elkeen se gebede, meelewing en betrokkenheid by ons.

**Ons verkondig nie onsself nie maar, Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus"**

2 Korintiërs 4:5

## Missie Japan Bankbesonderhede
ミッション・ジャパンの銀行口座

**Rekeningnaam | Missie Japan**
**Bank | ABSA**
**Takkode | 632005**
**Rekeningnommer | 4049690248**
**Verwysing | Eie Naam en Van**

## Kontak ons Medewerkers
宣教師へのお問い合わせ

**Stéphan**
jsvdwatt@gmail.com
**Carina**
cvdwatt@gmail.com

**Tobie**
tobiedewet@hotmail.com
**Annalie**
annaliedewet1@gmail.com

mission ミッション missie
JAPAN

www.missiejapan.co.za

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Called to extend God's kingdom

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Prof John Klaasen**
*Dean of the Faculty of Theology and Religion, UFS*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | UFS Theology and Religion

Dear friends

As the winter starts to set its nest in the Free State, we can look forward to an interesting political and social climate. Like winter, the next few weeks will keep us alert, on the look-out, and expectant of what the days and months will hold in store for us. I am reminded of the Trans-figuration of our Lord.

In a flash we get a glimpse of God's glory. Today we read about, imagine, and interpret what the vision might have been for the three disciples. We have a good sense of the change, the awesomeness, the salvation that Christ's Transfiguration invites us into.

For me as the new Dean of the Faculty of Theology and Religion at UFS, this is the hope that I keep as a constant. I am hanging onto the beauty, the fullness, the salvation that the Trans-figuration holds at the forefront of our theological deliberations and engage-ments.

I am also aware that the nature of the Transfiguration is a collective, a community, a collaborative drama that unfolds increasingly as we faithfully and confidently recognise and welcome the presence of each other on the journey.

All of you who read this brief reflection is as much a part of the community, like the three disciples at the Trans-figuration, as each one of my colleagues at the Faculty of Theology and Religion. May we join hands and share the Transfiguration witness with vigour, commitment and faith-fulness in the uncertain times that we find ourselves in.

**Ours is a calling to witness to the risen Christ who came to set us free!**

Read here »

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




**Ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

"Clarens se weergalose stilte omvou 'n mens in die nag sodat die dag se ervarings diep gebêre word en 'n mens se siel kan rus."

PSALM 34:8 "TASTE AND SEE THAT THE LORD IS GOOD; BLESSED IS THE ONE WHO TAKES REFUGE IN HIM."
Clarens HERMITAGE
her·mit·age | 'hər-mə-tij
A place or period of seclusion.

**Bespreek »**

| | |
|---|---|
| 11 - 15 | AUGUSTUS |
| 22 - 26 | SEPTEMBER |
| 20 - 24 | OKTOBER |
| 24 - 28 | NOVEMBER |

MIN PLEK OOR

BEDIENINGSBEGELEIDING

Die Spiritualiteit Netwerk bied aan

# GEESTELIKE DISSIPLINES
## EN DIE EISE VAN DIE BEDIENING

### WINTER-RETREAT

'n *Retreat* vir Vrystaatse leraars word gehou van **Maandag 22 tot Woensdag 24 Julie by Moolmanshoek LDC** in die Oos-Vrystaat, met ds Barry van der Merwe, ervare *retreat*leier: *Die waarde van geestelike dissiplines om die eise van die bediening te hanteer.*

**LET OP DIE VERANDERDE DATUM**

Vir enige dominee wat ernstig is oor sy/haar roeping, wat lief is vir die Here en lief is vir die gemeente, is dit moeilik om die balans te vind tussen werk, huislike lewe, ontspanning en persoonlike geestelike groei. Geestelike dissiplines soos bv. *lectio divina*, joernaalskryf en refleksiegebed is waardevol vir die nodige balans en om uitbranding te voorkom.
Dié *retreat* wil leraars graag voorstel aan en bewus maak van die waarde van **geestelike dissiplines** vir verdieping en groei in hul persoonlike geloofslewe.

**Bankbesonderhede (R500 p/p)**
NG Kerk Vrystaat | Nedbank | Tjekrekening 117 809 7218 | **Verwysing:** "*Winter-retreat*" (plus jou voorletters & van), ***e-pos die bewys van betaling*** *na* ***kuratorium@ngkvs.co.za***

*Bywoning word ruim gesubsidieer deur die Spiritualiteit Netwerk.*
***Slegs 16 plekke beskikbaar****, bespreek dus spoedig by Magdaleen.*

NG Kerk Vrystaat


**Magdaleen du Toit**, netwerk-sameroeper | 083 226 9732, **magdaleen.dutoit@gmail.com**

# In die spore van die Herder

## Leer oor dissipelskap by die enigste volmaakte Dissipel

**Deon Loots (Skrywer)**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / OORDENKINGS*




Deon Loots, die geestelike begeleier en retraiteleier by Shama Retraitesentrum in Steytlerville, is bekend vir sy boeke en kursusse oor dissipelskap. Net soos in sy vorige boeke delf Loots dieper in die wese van dissipelskap in sy nuutste boek, *In die spore van die Herder*. In hierdie boek fokus Loots spesifiek op die voorbeeld wat Jesus gestel het – Jesus wat eintlik die volmaakte voorbeeld was van hoe 'n dissipel se lewe moet lyk. In 40 hoofstukke neem Loots ons op reis deur Jesus se lewe op aarde. Hy volg die chronologie van die Johannes-evangelie en fokus op Jesus se dade, besluite, wondertekens, preke, sy verhoudings met sy dissipels, asook sy kritiek teen die skrifgeleerdes, Fariseërs en leierpriesters. Loots se eie spiritualiteit – wat gekenmerk word deur stilte, eenvoud en kontemplatiewe praktyke – skyn deur op elke bladsy van die boek. *In die spore van die Herder* is 'n waardevolle toevoeging tot enige leser se biblioteek wat verlang na 'n dieper begrip van Jesus se lewe en sy roeping tot dissipelskap.




CHRISTIAN LITERATURE FUND PUBLISHERS
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS UITGEWERS

***Oorgeneem uit***
*shop.clf.co.za*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# Deel van God se storie

Moshmanshoek

Vroue Retreat

**FICKSBURG**

# 9 - 11 AUGUSTUS 2024




*AANBIEDER*

**Magdaleen du Toit**

vb

VROUEBEDIENING

NG Kerk
Vrystaat




**8 Junie 2024**

*Oorgeneem uit **VrydagNuus, Kaapkerk***

Wat is nou lekkerder as om deur ’n brander te duik, op die see in jou kajak te roei of sommer net langs die see te gaan stap? Op **Saterdag 8 Junie vier ons Wêreld-oseanedag met die tema “Awaken New Depths”**. Oseane beslaan meer as 70% van ons planeet en is ’n onontbeerlike lewensbron wat die voortbestaan van ons as mense asook dié van elke ander organisme op aarde ondersteun. Oseane produseer ten minste 50% van ons planeet se suurstof en is die tuiste van die meeste van die aarde se biodiversiteit. Dit is ook die hoofbron van proteïne vir meer as 'n miljard mense regoor die wêreld. Oseane voed ook die wêreldekonomie met 'n geskatte 40 miljoen mense wat teen 2030 in diens van oseaan-gebaseerde nywerhede sal wees. Laat ons as navolgers van Christus ons deel bydra om respek aan ons oseane te betoon..

Lees meer daaroor HIERONDER.

United Nations

Lees hier »

die kerkmuise Studio

NG Kerk Vrystaat



**BESPREEK 'N SESSIE**

# POTGOOI | VIDEO

## OPNAME & REDIGERING

***SINODALE** DIENSTE NOU BESKIKBAAR*

- Advertensies
- Inligtingsessies
- *Short reels*
- Nuusflitse
- Potgooi-reekse
- Stemopnames


**NAVRAE | (051) 403 6700**

Celicia | cmclean@ngkvs.co.za • Carlie | carlie@ngkvs.co.za






# Pappa my Pilot

## GELUKKIGE VADERSDAG



## My Pa
## **my pilot**
## **my hero**
## elke dag!

Soms is my lewensvlug onstuimig, maar Pa staan my by, ongeag!

As die druk van die lewensvlug te veel word is Pa altyd daar,
Pa sit altyd die suurstofmasker van hoop en geloof
heel eerste vir my op sodat ek kan bedaar!

Pa gee my altyd die beste raad en laat my lag.
Pa laat my glo in God se krag!

**Dankie dat Pa
deel is van my lewensvlug elke dag!**

*Geskryf deur: Geite & Goeters, inspirasie: MY PA!*

# AKTUEEL EN ALGEMEEN


## FEITE EN FOUTE OOR KERK, GELOOF BEKYK

***Oorgeneem uit** die elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)*

Die **elektroniese Christelike Kernensiklopedie (eCKE)** is die verbeterde, opgedateerde en aangevulde elektroniese weergawe van die gedrukte CKE wat in 2008 by Lux Verbi.BM in samewerking met Bybel-Media verskyn het. Die eCKE is 'n eerste van dié aard wat van meet af aan in Afrikaans geskryf is. Dit wil 'n sleutel wees dat jy God, sy Woord, sy kerk, die wêreld, die geskiedenis, jou land, jou geloof en jouself 'n bietjie beter kan verstaan.

**Lees hier** »




## HANDLEIDING VIR DIENSVERHOUDINGE IN GEMEENTES

***Oorgeneem uit** ©2022 NG Kerk in Oos-Kaapland*

Die hersiene 2022-uitgawe van die **Bestuursgids vir die NG Kerk**, 'n handleiding vir die bestuur van diensverhoudinge, is deur die Algemene Taakspan Predikantesake bekendgestel. Dit is werklik 'n belangrike bron van inligting vir diensverhouding-ekommissies in gemeentes. Die vorige uitgawe dateer uit 2010.

**Lees hier** »

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

# BOEKPROJEK

# EKO-TEOLOGIE

## *in 'n Afrika konteks*



CLF (in samewerking met Clairvaux Skrywershuis en NetACT) beplan 'n boekprojek wat fokus op ekoteologie vanuit 'n Afrika-perspektief. Ons nooi gemeentes en organisasies, asook individue uit ander dissiplines uit om hul stories en/of navorsing te deel.

Besprekings oor klimaatsverandering, ekologie en groen- of ekoteologie word hoofsaaklik vanuit 'n Westerse perspektief geskryf, terwyl die Afrika-kontinent unieke uitdagings, perspektiewe en oplossings het wat beklemtoon moet word. Die doel van die boek is om in te lig en te inspireer. Ons wil graag praktiese voorbeelde en gevallestudies van suksesvolle ekologiese projekte in die boek insluit, asook dieper stof vir nadenke oor ekoteologie. Ons hoop dat die boek teologiese hoofstukke sal bevat om gemeentes toe te rus met die woordeskat en teologie wat nodig is om betrokke te raak by groen inisiatiewe. Onderwerpe soos klimaatsverandering, herwinning, voedselsekuriteit, gemeenskaplike groentetuine, gemeenskapsprojekte, omgewingsvriendelike projekte, stropery, natuurrampe en meer kan ook bespreek word.

**LEES MEER HIEROOR**

www.clf.co.za




**1 – 30 JUNIE | KLIK HIER**

**Verwarm 'n hart hierdie winter en word deel van 'n nasionale inisiatief om middele in te samel, wat mense in jóú omgewing, in hul nood kan help.**

Kontak ons vandag om deel te word

NG Kerk Vrystaat


Ds De la Harpe le Roux

**083 232 1051 | dlh@ngkvs.co.za**



16 Junie

# JEUGDAG 2024

*Jy is só spesiaal vir God!*

God dink goeie dinge van my • Ek is die appel van Sy oog • Elke haar op my kop is getel • As ek struikel en val, sal Sy regverdige regterhand my optel en hoog hou • Hy sal Sy engele opdrag gee om my te beskerm dat ek nie eers my voet teen 'n klip stamp nie • Hy hoor as ek bid • Hy sing lofliedere oor my lewe • My naam is in die palm van Sy hand geskryf • Hy dans oor my lewe.

## JESUS HET JOU LIEF

*Betesda Sondagskool, 2016*

NG Kerk Vrystaat




Klik hier »




Klik hier »





Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS geluk

NG Kerk Vrystaat

## JUNIE

- **09** Ds Adrie Potgieter – SENEKAL-NOORD
- **10** Ds Joe Müller – KROONSTAD
- **10** Mnr Eric Heig – BAREND WESSELS
- **13** Ds Willie Badenhorst – WATERBRON
- **17** Dr Suzanne van der Merwe – KROONSTAD-NOORD
- **18** Ds Hansie Swart – FAUNA
- **19** Ds De la Harpe le Roux – SINODALE KANTOOR
- **19** Ds Melissa Jacobs – ARLINGTON & LINDLEY
- **21** Ds Rikus Botha – VERKEERDEVLEI
- **24** Ds Victor Cloete – HOOPSTAD
- **28** Ds Stefan Conradie – REITZ-WES
- **30** Ds Carlie Schiel – DENEYSVILLE
- **30** Mev Carlie Niehaus – SINODALE KANTOOR

## JULIE

- **04** Ds Riaan van Zyl – BETHLEHEM-WES
- **06** Ds André Smit – BULTFONTEIN
- **11** Dr Riaan Stander – LANGENHOVENPARK
- **13** Ds Christo Nel – RIEBEECKSTAD
- **14** Ds Peet Louw – RIEBEECKSTAD-ERFDEEL

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## ‘N VENSTER OP GOD SE WÊRELD

12 - 13 Julie

10 VBO-punte

Sendingkonferensie
*Hoe lyk die wêreld landskap vandag?*

Program +
**Teken aan** +





## KOM TUIS EET SAAM & BOU VERHOUDINGS

25 Julie

09:00 - 10:00

’n Aanlyn gesprek
*Jong volwassenes buite die kerk*

Loer hier +
**RSVP hier** +




## LENTE-KONFERENSIE 2024

17 - 19 September

30 VBO-punte

*Lig soos ’n veer op die Asem van God ...*

Loer hier
**Teken aan** +




## EXCELSUS JAARPROGRAM 2024

2024

VBO-punte

Teken die verskillende kursusse aan

Lees meer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



**CLF**

*Nuusbrief*

*Oorgeneem uit CLF*

**Publikasie**

*Verbind aan Christus*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

**Publikasie**

*'n Hand vol hoop*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Streeksinode: Teologie en ekologie moet hande vat**
*Kerkbode / 5 Junie 2024 / @sinode*
*Lambert Jacobs*

**Streeksinode: Ervaring en jeug neem leisels in KZN + Groeteboodskap van Jan Lubbe uit Bloem**
*Kerkbode / 5 Junie 2024 / @sinode*
*Lambert Jacobs*

**NG Kerk in Namibië se San-bediening: 'Ons leer om saam te stap'**
*Kerkbode / 3 Junie 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

ELDERS GESIEN
**'Ek het vyf kinders waarvan een biologies myne' – 'n Reis met pleegsorg**
*Kerkbode / 3 Junie 2024 / Aktueel, Nuus*

**Namibië: 'n Besoek aan dié 'pioniers' van teologiese opleiding**
*Kerkbode / 30 Mei 2024 / Artikels*
*Le Roux Schoeman*

**Jaco Strydom gesels met Jan Venter**
**Die dominee en die rugbyspan op Clarens**
*Kerkbode / 28 Mei 2024 / Artikels / Jaco Strydom*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

Met NG Gemeente Marquard se Kerkraadsvergadering van 7 Mei is **ds Johannes Rossouw** aangestel van 8 Mei 2024 tot 31 Oktober 2024 in 'n vaste termyn kontrakpos van ses maande. **BENOEMING** | Die Raad vir Bedieningsbegeleiding het **dr Leon Michael Foot** van die NG Gemeente Welkom-Suid benoem as die nuwe Uitvoerende Amptenaar: Bedieningsbegeleiding. Dit is 'n tweejaartermynpos en datum van diensaanvaarding is 1 Julie 2024. **BEROEP** | Die NG Gemeente Universitas-Wes het **ds Michael Rautenbach** (emeritus) beroep na Striata vir 'n een jaar kontrakpos. **EMERITAAT** | **Ds Ian Jonker** van die NG Gemeente Parys-Oos het op 31 Mei 2024 emeriteer. **Ds Carlie Schiel** van die NG Gemeente Deneysville emeriteer met effek 30 Junie 2024. Hy gaan as tentmakerleraar by die gemeente betrokke bly. **Ds Dirk Michael du Preez** neem oor as voltydse hulpleraar vanaf 1 Julie 2024.

# Integriteit

***Deur ds Gideon Lamprecht***
*Leraar van NG Gemeente Bethlehem-Panorama*



**Foto:** *Ds Gideon Lamprecht (verskaf)*

*"Lewe naby My en wees opreg!"*

**[1] *"Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!"***

- GENESIS 17:1 AFR83

'n Woord wat 'n mens deesdae min hoor, is die woord 'onkreukbaar'. Dis asof dit uit ons woordeskat verdwyn het. Onkreukbaarheid is die ou woord vir wat ons mense in die moderne tyd 'integriteit' noem. Dat onkreukbaarheid, of dan 'integriteit', 'n bedreigde spesie geword het, is waar. Om integriteit te beskryf is moeilik, eintlik onmoontlik.

Eerlikheid, opregtheid, getrouheid, liefde, deernis en al die ander vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23) is onlosmaaklik deel daarvan. Jy beleef integriteit, of die gebrek daaraan, in mense wat jy oor jare heen goed leer ken het. Maar miskien moet jy nie te veel na ander mense kyk as jy opsoek daarna is nie.

Die vraag is of jý iemand is met integriteit, onkreukbaarheid? Kan ander mense dit in jóú beleef? 'n Mens word nie met integriteit gebore nie. Dis iets wat jy aanleer – met baie kere se probeer en misluk, selfs deur skade en skande heen. Elke dag is 'n dag van geestelike groei, en daarmee aanhou totdat iets daarvan in jou lewe sigbaar word. Dit gaan daaroor dat jy 'n 'heel' mens moet wees, volwasse in jou denke, opreg in jou dade, eerlik in jou liefde vir God en mense. God sal weet of jy so is. Hy is die kenner van ons harte. Wat Hy eeue gelede aan Abraham gesê het, sê Hy ook vandag vir jou en my: "Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg." (Genesis 17:1). Dis waar integriteit, onkreukbaarheid begin: By 'n lewe voor die aangesig van God.

**Lees hier »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk
Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING